# ’n Lied in die nag


> *’n Bedevaartslied. Kom, loof die HERE, o alle knegte van die HERE wat snags in die huis van die HERE staan! Hef julle hande op na die heiligdom, en loof die HERE! Mag die HERE jou seën uit Sion, Hy wat hemel en aarde gemaak het!* (Psalm 134 AOV)

Ek kan nog onthou hoe bang ek as kind vir die donker was. Die ligskakelaar in my kamer was ’n hele ent van my bed af. Elke aand nadat ek die lig afskakel het, het ek met ’n paar lang treë na my bed gestorm, daarin geduik en die laken en kombers oor my kop getrek. Waarvoor ek bang was, kon ek nie eintlik sê nie. Ek was sommer maar net bang vir die donker en vir al die booshede wat in die donker kon skuil.

Iewers langs die pad het ek hierdie vrees met die Here se hulp te bowe gekom en mettertyd het ek ontdek dat die nag inderwaarheid ’n sagtheid en stilte het waarin God se teenwoordigheid ervaar kan word. Nadat die lig afgeskakel is en jy nie dadelik aan die slaap kan raak nie, kan jy kosbare tye van aanbidding beleef. En as jy deur jou kamervenster na buite sou kyk, kan die naghemel jou ook met ’n gevoel van verwondering laat.

> *Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande* (Psalm 19:2).

> *O HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde! U wat u majesteit gelê het op die hemele* (Psalm 8:2).




As jy in ’n kristalhelder Karoonag na die sterreprag kyk, wanneer die koel aandlug jou wang streel en ’n wasem voor jou mond vorm, wanneer die gevoel van God se teenwoordigheid jou oorweldig, kan jy nie anders as om in stille aanbidding voor Sy allomteenwoordigheid, Sy heiligheid en genade te staan nie. Jy word bewus van jou eie nietigheid, maar ook van God se liefde en beskerming, en jy voel veilig en geborge. Dít is moontlik wat Eugene Marais ervaar het toe hy in *Winternag* geskryf het: “... so wyd as die Heer se genade, lê die velde in sterlig en skade.” Ten spyte van die verwoesting wat die Anglo-Boereoorlog agtergelaat het, was God se genade nog steeds daar.

Charles Spurgeon, ’n bekende neëntiende-eeuse Britse prediker, het die volgende oor nagtelike aanbidding te sê gehad:

> *Die nag blyk ’n tyd te wees wat besonder geskik is vir aanbidding. Die plegtige stilte help om die verstand te bevry van die voortdurende ontwrigting wat die sorge van die lewe meebring. Terwyl hulle vanuit die hemel op ons neerkyk, skitter die sterre asof hulle ons na God toe wil aantrek. Ek weet dat ’n mens maklik deur ’n middernagtelike swaarmoedigheid oorval kan word. Wanneer ek*

*egter al op my eie stilgesit het om oor die heerlikheid van God en die grootsheid van die heelal na te dink, het ek inderdaad die begeerte ondervind om Hom te aanbid, aangesien die naghemel uitgesprei is as ’n tempel van aanbidding met die maan wat as hoëpriester in die midde van sterre en aanbidders wandel.*

Van tyd tot tyd gaan alle gelowiges deur ’n geestelike nag – ’n tyd van donkerte, beproewing en swaarkry. Dit is dan wanneer jy leer om God se teenwoordigheid op te soek en om dit ’n tyd van intieme nabyheid te maak. Wanneer die nag jou oorval, kan jy slegs met leë hande van geloof na God uitreik, omdat jy inderwaarheid geen ander keuse het nie. Hieroor het die profeet Jesaja, gelei deur die Heilige Gees, hom soos volg uitgelaat:

*Met my siel begeer ek u in die nag; ook met my gees in my binneste soek ek U …*
(Jesaja 26:9)

Soms kan die worsteling intens wees, soos wanneer pyn, depressie of verdriet oor die dood van ’n geliefde jou oorval. As jou geloof dan op wankelrige bene staan, is God nog steeds daar en kom Hy jou in jou ongeloof te hulp indien jy dit bely. Dit is juis dan wanneer God deur Sy groot genade jou geestelike nag van angs en wroeging in ’n tyd van geestelike groei omskep deurdat Hy jou in staat stel om ’n helder lied tot Hom te kan sing.

*Tog sal die Here weer op 'n dag sy trou laat blyk en sal ek selfs in die nag 'n lied vir Hom sing, 'n gebed tot die God van my lewe* (Ps 42:9 – 1983 Vertaling).

Soms is dit wel nodig dat ons as gelowiges ’n nagtelike ervaring beleef sodat ons geloof gesuiwer en ons opregtheid getoets kan word. In die nag kom daar by ons ’n begeerte en verlange na God. Spurgeon beskryf dit as volg:

*Het jy nie geweet dat die nag die beste toets vir ’n Christen is nie? Indien ’n nagtegaal gedurende die dag sou sing wanneer die gesnater van elke gans aangehoor kan word, sou hy nie ’n veel beter musikant as ’n doogewone sangvoëltjie wees nie. As ’n Christen slegs gedurende die dag, wanneer elke lafaard sy manmoedigheid ten toon stel, onwankelbaar bly, hoedanige mens sou hy nie wees nie? Daar sou geen skoonheid in sy moed en geen glorie in sy dapperheid wees nie. Maar sy opregtheid word bewys deur die feit dat hy in die nag kan sing, kan sing ten tye van teenspoed en wanneer hy tot wanhoop gedryf word. Die glorie van sy karaktertoets is in die nag. Die sterre is nie sigbaar wanneer die son skyn nie, maar wanneer die son ondergaan ... Al wat die Christen in die nag nodig het is sy God. “Met my siel begeer ek u in die nag.” Gedurende die dag is daar baie dinge wat die Christen mag begeer benewens sy Heer, maar in die nag begeer hy niks behalwe sy God nie.*

